49

# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -nr 49 Julie 2024*

**Belangrike interne nommers**

**Oordbestuurder**
**7003**
**Ontvangs**
**7001 en 7002**
**Onderhoudspan**
**1128**
**Sekuriteit**
**6363 en 1126**
**Sorgsentrum**
**7022 en 1130**
**Suster Ina**
**7025**
**Wassery**
**7021**
**Kliniek Andrea**
**1127**
**Haarsalon**
**7019**
**Skoonheidsalon**
**7005**
**Koffiewinkel**
**7029**

**Eksterne Nrs**

**Ambulans**
**086 108 6911**
**Oordsuster**
**NOOD**
**076 2123412**
**Onderhoudsspan**
**064 812 0093**
**Brandweer**
**071 409 9254**
**Metro polisie**
**012 358 7095**
**SAPD Sinoville**
**012 543 8800**
**Dr Venter**
**066 152 9552**
**Kombuis**
**012 000 4439**
**Sorgsentrum**
**012 000 4438**
**KLB elektries**
**071 194 2153**
**VDM**
**Loodgieters**
**071 194 2153**
**Best Loodgieters**
**012 453 1760**

## ONS HUISHULPE

Maak gerus gebruik van ons huishulpe wat vanaf 1 Julie nou vir hul eie rekening werk. Hulle het reeds sekuriteitsklarings en toegangskaarte.

Kontaknommers is soos volg: **Elizabeth – 076 947 6500**
**Tabea – 079 981 3532**

## KRAGONDERBREKINGS EN SUURSTOF

Daar was in die onlangse verlede 'n aantal onbeplande munisipale kragonderbrekings. Kabeldiefstal, substasie probleme ens.

Hierdie onderbrekings het GEEN vasgestelde tye of tydsdure nie. Dit kan soms lank duur.

Die oord kan slegs aanbied dat persone, wat vervoerbaar is, in die Dienssentrum hul toerusting vir suurstof sou kan gebruik.

Mense op suurstof is self verantwoordelik om voorsiening te maak vir hierdie omstandighede. Daar is 'n groot aantal mense op suurstof en die fasiliteite en toerusting om vir almal voorsiening te maak ontbreek.

## GYM OF POOLTAFEL

Daar is besluit dat ons die pooltafel op die stoep wes van die Snuffelhoekie op die 2de verdieping sal installeer. Voorlopig is die gedagte van 'n moontlike Gym van die baan. Die pooltafel is aan die oord geskenk deur die markkomitee se inkomste uit die verhuring van tafels by die markte.

## ONS WINKELTJIE (SNUFFELHOEKIE)

Die opening sal wees om 09:30 tot 12:00 op Maandag die 1 Julie 2024. 2de verdieping Blok A2 westekant.

Voorlopig is die openingsure soos volg.

| | |
|---|---|
| Maandae | 10:00 tot 12:00 en 14:00 tot 16:00 |
| Dinsdae | 10:00 tot 12:30 |
| Woensdae | Gesluit |
| Donderdae | 10:00 tot 12:30 |
| Vrydae | 15:30 tot 17:00 |

Die reaksie met ontvangs van items was uitstekend. Verkope was ook baie vinnig. Daar is reeds dringend weer items nodig, klere is redelik in voorraad.

## GRATIS TUINDIENSTE

Die eerste maand het verbasend goed afgeloop. Die wat uitgelaat was en enkele veranderinge is nou beskikbaar. Dis op die kennisgewingsbord en u kan dit ook by u blokleier kry.

## GEISERS

30 geiser dakpanele van eenhede het in die nag van 8/9 Julie gebars agv van die koue. (dit was -2 grade celsius). Die volledige warmwaterstelsel (Geiser en dakpaneel is die eiendom van huiseienaar). Versekering word gedra en in stand gehou deur die HEV.

Die oord het 'n Loodgieter en Elektrisiën wat vir die oord se onderhoud gebruik word in terme van 'n diensooreenkoms. Elke eienaar mag hulle ook gebruik vir hul eie onderhoud, alles binne u eenheid is u verantwoordelikheid. U kan ook enige ander loodgieter of elektrisiën van u eie keuse gebruik.

Met so'n gebarste paneel kan u met ander woorde "onmiddellike" diens kry as u, u eie loodgieter of elektrisiën inkry. Kwotasies word verkry, vorms word ingevul, eise word ingedien

Met 30 panele wat in een nag gegaan het sal u begryp dat een persoon nie almal onmiddellik kan herstel/vervang nie. Boonop moet alle versekeringseise ingedien word.

Die HEV betaal die betrokke rekening met die fondse wat deur die versekeraar uitbetaal word. Die verskil (bybetaling & moontlike prys verskil) word dan op u heffingsrekening gelaai en u is verantwoordelik vir betaling daarvan.

## PANIEKKNOPPIE

Moet asseblief nie self die battery vervang nie. Dit kan u duur te staan kom. Dis baie maklik om dit buite werking te plaas en selfs skade aan te rig. Koop battery by ontvangs en laat hulle dit insit.

## DIE NOODUITGANGE BY WOONSTELLE

Dis reeds by verskeie geleenthede gekommunikeer dat die nooduitgange SLEGS in noodgevalle gebruik mag word. Dis onwettig en boonop baie duidelik aangedui dat u dit nie normaalweg daagliks mag gebruik nie.

## TROETELDIERE

Ons grootste wens is dat mense sal rapporteer oor mense wat nie hul honde se uitwerpsels optel nie. DIT SAL 'N PLESIER WEES OM HULLE TE KAN BEBOET!!!!!!! Dit word steeds nie beter nie.

## KOMMUNIKASIE

Ons probeer deur middel van 'n gereelde Bulletin u op hoogte te hou van wat in ons oord gebeur. Dit verg voorbereiding en die druk en verspreiding daarvan neem heelwat tyd in beslag. Ons doen dit graag.

Ons whatsapp groep is egter baie meer doeltreffend en vinnig. Moet asseblief nie uself uit die "BGAO info en Advertensies" groep verwyder nie. Indien u nie deel is van die Whatsapp groep nie sal u by tye oningelig wees.

## BLOMME

Daar word met groot dank kennis geneem van vrywilligers wat blommerangskikkings vir ons ontvangs area maak. Daar is duidelik baie talent in ons oord. Kom gesels met die dames by ontvangs en kry ook 'n geleentheid om u talent met blomme te wys. Die oord sal die blomme voorsien.

## DIE VERF VAN HUISE

Daar word tans gewerk aan die laaste reeks huise in area 2. Die beplanning is om einde Julie klaar te wees met die projek.

***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidssalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudies, ons kaartspeletjies, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons vrydag pannekoekverkope,ons veerpyltjies, ons tafeltennis, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!***

**JB**